# Wêreldklas sitrus-navorser sterf

Dr. Fanie van Vuuren het op 81-jarige ouderdom op 7 Julie 2022 aan prostaatkanker gesterf. Aangepas vanaf **dr. S.F. du Plessis** se skrywe


Dr. Fanie van Vuuren het sy lewe gewy aan navorsing as sitrusviroloog en het wêreldwyd erkenning gekry vir sy uitsonderlike werk.

Sy loopbaan begin net na matriek as 19-jarige by die destydse Navorsingsinstituut vir Sitrus en Subtropiese Vrugte op Nelspruit. Hy word toe as tegniese assistent in die plantpatologie-afdeling aangestel.

Soos destyds die beleid was, moes Van Vuuren 'n diploma by 'n technikon verwerf om as tegnikus aangestel te kon word. En nadat hy sy diploma in 1966 behaal het, was hy bevoorreg om onder baie bekwame mense te werk soos dr. Ralph Swartz, dr. Harry Brodrick, dr. John Moll en dr. Barry Manicom. Hier was sy grondslag gelê om later 'n selfstandige navorser te kon word.

Destyds kon 'n persoon slegs onafhanklike navorsing doen as hy 'n MSc-graad verwerf het. Fanie het mettertyd vir homself soveel naam gemaak dat die Universiteit van Natal hom uitgenooi het om vir 'n MSc-graad in te skryf. Hy verwerf toe die graad in 1992, en 'n PhD-graad in 1998 met die titel: "Application of transmissible agents to control citrus tree size". Van Vuuren het daarna spesialis navorser geword.

Hy was aanvanklik baie betrokke by navorsing ten opsigte van vergroening (*Huanglongbing Liberibactor*) van sitrus wat in die sestigerjare en veel later 'n baie ernstige siekteprobleem vir die sitrusbedryf ingehou het. Van Vuuren het ook op die sitrus *tristeza*-virus gewerk en drie isolate daargestel wat gebruik word vir kruisbeskerming teen die siekte. Verder het hy ook die moontlikheid ondersoek om entoordraagbare organismes as verdwergingsagente vir sitrusbome te gebruik.



Dr. Fanie van Vuuren

**Sommige van Van Vuuren se toekennings:**

**1993 en 1995:** The International Society of Citrus Nurserymen's Certificate of Appreciation
**1998:** The President's Award of the Agricultural Research Council
**2006:** Citrus Grower's Award of Outstanding Service, vanaf Citrus Research International
International Organization of Citrus Virologists' special recognition for longstanding service to Citrus Virus Research
**1 Junie 2017:** Die Citrus Improvement Scheme se fasiliteit in Nelspruit by die CRI word na hom vernoem

In sy loopbaan het Van Vuuren verskeie oorsese besoeke gebring aan onder andere Kalifornië, Indië, Florida, China, Brasilië, Uruguay en Siprus om konferensies van die IOCV (International Organization of Citrus Virologists) by te woon en referate te lewer. Hy is ook verskeie kere as spreker op van die konferensies uitgenooi.

Uit die aard van die saak het Van Vuuren dan ook vele publikasies die lig laat sien, onder andere 43 wetenskaplik as outeur of mede-outeur; 29 tegniese publikasies en meer as 45 wetenskaplike referate by genoemde geleenthede. Hy het natuurlik ook bydraes gelewer by vele plaaslike aangeleenthede soos boeredae en simposiums.

Van Vuuren se werk het hom dus ook op die hoogste vlak met oorsese navorsers laat kontak maak en saamwerk, wat aanleiding gegee het tot die toekennings wat hy van verskeie instansies gekry het.

Van Vuuren het in 2003 afgetree by die LNR-Instituut vir Tropiese en Subtropiese Vrugte op Nelspruit, maar het vir nog 13 jaar kontrakwerk vir die CRI gedoen. Hy het finaal af op 31 Maart 2017 afgetree, na 57 jaar diens aan die sitrusbedryf van SA. Voorwaar 'n merkwaardige loopbaan, veral as in ag geneem word dat hy vanaf die laagste rang (tegniese assistent) gevorder het tot spesialis navorser wat wêreld-erkenning vir sy werk gekry het.

> Van Vuuren het gevorder vanaf tegniese assistent tot spesialis navorser wat wêreld-erkenning vir sy werk gekry het. Voorwaar 'n merkwaardige loopbaan.



SUMITOMO CHEMICAL VALENT BIOSCIENCES Nufarm

PHILAGRO



Philagro se plantgroeireguleerders, plaag-, swam- en onkruiddoders dra by tot 'n optimale sitrusoes. Elke produk speel 'n unieke rol om opbrengste en kwaliteit te verhoog.

**Produkte vir sitrus:**

- **Corasil® P** – vir die verbetering van vruggrootte.
- **DiPel® DF** – 'n natuurlike produk, dodelik vir lepidoptera-larwes.
- **Goal™ 480 SC** – bied doeltreffende beheer van 'n verskeidenheid breëblaar- en gras-onkruidsoorte en beskik oor voor-opkoms en geteikende na-opkoms aktiwiteit.
- **Meothrin® 200 EC / Meothrin® 100 EW** – beheer sitrusmyte, sitrusblaaspootjie, valskodlingmot en onderdruk sitrus-psilla en Afrika bolwurm.
- **Nemesis® EC** – 'n insekdoder vir effektiewe en kostedoeltreffende beheer van rooidopluis.
- **ProGibb® 40%** – 'n plantgroeireguleerder met gibberelliensuur vir verbetering van vrugset en die vermindering van kraakskil.
- **Samurai® 20 SC** – beheer blaaspootjies en witluis.
- **Smite® SC** – 'n mytdoder effektief teen die onvolwasse stadia in die lewensiklus, asook eiers van myte.
- **Sumimax® WP** – 'n onkruiddoder met lang residuele werking vir die beheer van breëblaar- en grasonkruide.

***Presies wat jou sitrus nodig het om optimaal te groei***

RAADPLEEG DIE ONDERSKEIE PRODUKETIKETTE VIR VOLLEDIGE GEBRUIKSAANWYSINGS & BEPERKINGS.

**Corasil® P** (Reg. nr. L8441) bevat dichlorprop-P, versigtig. | **DiPel®** (Reg. nr. L6441) bevat *Bacillus thuringiensis*, versigtig.
**Goal™ 480 SC** (Reg. nr. L8303) bevat oksifluorfen, versigtig. | **Meothrin®** (Reg. nr. L6385) bevat fenpropatrin, giftig.
**Nemesis®** (Reg. nr. L7099) bevat piriproksifen, versigtig. | **ProGibb® 40%** (Reg. nr. L6777) bevat gibberelliene, versigtig.
**Samurai®** (Reg. nr. L10384) bevat klotianidien, versigtig. | **Smite®** (Reg. nr. L6011) bevat etoxazole, versigtig.
**Sumimax®** (Reg. nr. L6358) bevat flumioksasin, versigtig.
Alle produkte is geregistreer onder Wet nr. 36 van 1947.

**Corasil® P** is die handelsmerk van **Nufarm Agriculture (Edms) Bpk**, Australië.
**DiPel®** en **ProGibb®** is die geregistreerde handelsmerke van **Valent Biosciences**, VSA.
**Meothrin®, Nemesis®, Samurai®, Smite®** en **Sumimax®** is die geregistreerde handelsmerke van **Sumitomo Chemical Company**, Japan.
**Goal™** is die geregistreerde handelsmerk van **Sumitomo Corporation,** Japan.

**Philagro Suid-Afrika (Edms) Bpk | Reg. nr. 1998/106581/07 PostNet Suite #378,**
**Privaatsak X025, Lynnwoodrif 0040 | Pretoria: 012 348 8808 | Somerset-Wes: 021 851 4163**
**www.philagro.co.za**

**PRODUKTE WAT WERK VAN MENSE WAT OMGEE**